

Skepping van 'n vruggebruik, hetsy deur voorbehoud of aparte aankoop: Pluk die Suid-Afrikaanse Inkomstediens die vrugte?

E Muller

B Com LLB LLM

Senior Lektor in Departement Handelsreg, Universiteit van Pretoria

SUMMARY

The creation of an usufruct, either by way of reservation of condition or by separate purchase: Does the South African Revenue Service reap the fruits?

In practice a contract of sale of immovable property is sometimes constructed to provide for the creation of a separate usufruct in order to gain certain tax advantages. This contribution deals with the implications of transfer duty, estate duty, donations tax and capital gains tax in respect of this technique. Calculations and practical examples are used to illustrate the consequences and pitfalls. The uncertainty in respect of the implementation of the capital gains tax principles dealing with limited rights is highlighted, especially the problem that may be inherited by the bare-*dominium* owner in this regard.

1 Inleiding

Daar het 'n praktyk ontstaan waarby 'n transportgewer van onroerende eiendom slegs die blote eiendomsreg aan 'n ander persoon of entiteit, soos 'n trust, maatskappy of selfs 'n ander natuurlike persoon, oordra en tegelykertyd 'n vruggebruik oor die eiendom ten gunste van homself of haarself voorbehou. Daar bestaan ook variasies op die metode. So byvoorbeeld kan daar, by die aankoop van 'n nuwe eiendom, die vruggebruik en blote eiendomsreg aan verskillende persone oorgedra word. Hierdie tegniek het ten doel om, indien die verkryger nie 'n natuurlike persoon is nie, die verhoogde aanspreeklikheid vir hereregte vry te spring en terselfdertyd die kapitaalgroei van die eiendom vir boedelbeplanningsdoeleindes vas te pen, wat boedelbelastingvoordele kan inhou. Indien die verkryger van die vruggebruik en die verkryger van die blote eiendom natuurlike persone is, in die geval waar hierdie beperkte regte apart aangekoop word, kan die hereregte-vrystelling vir beide natuurlike persone probeer benut word.¹ Alhoewel die vruggebruik-tegniek algemeen voorkom, verskil kundiges oor die presiese belastingimplikasies daarvan en word daar oor sekere

¹ Huidig 'n bedrag van R500 000, a 2(1)(b) Wet op Hereregte 40 van 1949 – 0% op die eerste R500 000 en 5% op 'n verdere R500 000, alvorens die maksimumkoers van 8% toepassing vind.

risiko's bespiegel.² Hierdie bydrae het ten doel om 'n vars belastingperspektief ten aansien van hierdie praktyk uiteen te sit, veral met die oog op die bykomende implikasie van kapitaalwinstbelasting, wat vanaf 2001-10-01 toepassing vind.³

2 Basiese Tegniek

Alhoewel daar verskeie variasies van die metode bestaan, word die twee mees algemene metodes hier geïllustreer, aan die hand van voorbeelde:

(a) Voorbehoud kragtens artikel 67 Akteswet⁴

Die eiendom is reeds geregistreer in die naam van 'n persoon. Die blote eiendom word verkoop aan 'n regs persoon of ander entiteit, soos 'n trust, met voorbehoud van vruggebruik ten gunste van die huidige eienaar kragtens artikel 67 van die Akteswet. Die vruggebruik word as 'n voorwaarde in die prokurasie van transport voorbehou en in die voorwaardeklousule van die transportakte vervat. Hereregte is slegs deur die verkryger van die blote eiendom op die waarde van sodanige eiendom betaalbaar, welke waarde bereken word deur die waarde van die vruggebruik van die markwaarde van die eiendom af te trek (sien voorbeeld 1 hieronder).

(b) Skepping van vruggebruik kragtens artikel 65(1) Akteswet

By die aankoop van 'n eiendom word die blote eiendom en die vruggebruik apart deur verskillende entiteite aangekoop. So byvoorbeeld sal die "Jan Botha Familietrust" die blote eiendom, onderhewig aan 'n vruggebruik, ten gunste van "Jan Botha", aankoop. Die koopkontrak behoort duidelik tussen die waarde van die vruggebruik en die waarde van die blote eiendom te onderskei. Daar moet verkieslik vir aparte waarborge voorsiening gemaak word.⁵ Die oordrag van die blote eiendom word bewerkstellig deur 'n gewone transportakte, terwyl die vruggebruik by wyse van 'n notariële akte kragtens artikel 65(1) van die Akteswet geregistreer word.⁶ In hierdie geval betaal die koper van die blote eiendom hereregte op die waarde van die blote eiendom. Die vruggebruiker sal aanspreeklik wees vir hereregte op die waarde van die vruggebruik.

Dit is steeds moontlik om 'n verband oor die eiendom te registreer. Die verbandhouer (die bank) se regte sal ondergeskik wees aan die regte van die vruggebruiker.⁷ In die praktyk vereis die verbandhouer gewoonlik dat

2 Korf "Die voorbehoud van vruggebruik" Okt 1997 *De Rebus* 699; Van der Berg en Ferreira "Die aankoop van 'n aparte vruggebruik en blooteiendom om hereregte te bespaar" 2002 *De Jure* 15.

3 Kapitaalwinstbelasting word geregleer deur die Agtste bylae tot die Inkomstebelastingwet 58 van 1962.

4 Registrasie van Aktes Wet 47 van 1937 (hierna die "Akteswet").

5 Van der Berg en Ferreira 2002 *De Jure* 16.

6 Die vruggebruik kan nie deur voorbehoud ingevolge a 67 geskep word nie, aangesien die transportgewer nie die vruggebruiker is nie.

7 Reg 41 Akteswet.

die vruggebruiker van sy of haar voorkeurreg kragtens die vruggebruik afstand doen.⁸

In beide tegnieke kan die vruggebruik lewenslank (sien voorbeelde 1(a) en 2(a) hieronder) of vir 'n bepaalde tydperk geregistreer word (byvoorbeeld tien jaar, sien voorbeelde 1(b) en 2(b)). In die geval waar daar 'n lewenslange vruggebruik ten gunste van 'n regs persoon verleen word, verval die vruggebruik wanneer die regs persoon ophou om te bestaan of na 100 jaar, maar vir belastingdoeleindes word die lewensduur geag 50 jaar te wees.⁹ Die termyn mag nooit die natuurlike lewensduur van die persoon wat daarop geregtig word oorskry nie.¹⁰ Indien die vruggebruik vir 'n bepaalde termyn geregistreer word, verval dit bloot na afloop van die termyn. 'n Lewenslange vruggebruik sal verval by afsterwe van die vruggebruiker. Die vruggebruik sal by die verval daarvan outomaties terugval na die blote eienaar, wat dan weer die volle gebruik en genot van die eiendom sal hê. Artikel 68(1) van die Akteswet maak voorsiening daarvoor dat die verval van 'n vruggebruik op aansoek van die blote eienaar teen die titelakte aangeteken kan word.¹¹ Die vruggebruiker kan natuurlik voor die verval daarvan die vruggebruik kanselleer of daarvan afstand doen. Artikel 68(2) bepaal dat die rojering (kansellasie) van 'n vruggebruik deur middel van 'n tweesydige notariële akte aangeteken word.¹² Indien die blote eienaar voor verval van die vruggebruik die eiendom wil vervreem, kan hy of sy dit doen onderhewig aan die vruggebruik. Dit is ook moontlik om die volle eiendomsreg oor te dra sonder dat die vruggebruiker die vruggebruik kanselleer. Artikel 69(1) van die Akteswet maak voorsiening dat die blote eienaar en vruggebruiker tesame oordrag aan 'n ander persoon kan gee.¹³ Hierdie persoon sal die volle eiendomsreg verkry deur *confusio*. Hierdie voorsiening in die Akteswet maak dit moontlik om die nadelige hereregte-gevolge by die kansellering van 'n vruggebruik te ontsnap. Sonder hierdie bepaling sou dit nie moontlik wees nie, aangesien 'n vruggebruik, synde 'n persoonlike serwituut, in wese nie-oordraagbaar is.¹⁴ Artikel 69(3) maak voorts voorsiening dat die blote eienaar en vruggebruiker tesame 'n verband oor hulle eiendomsreg tot die omvang van hulle onderskeie regte kan registreer.

3 Belastingimplikasies

3.1 Hereregte

Hereregte word kragtens die bepalings van die Wet op Hereregte¹⁵ op die verkryging van "eiendom" ingevolge 'n "transaksie" gehef.¹⁶ Daar word

⁸ Hierdie toestemming word ingevolge a 3(1)(i) van die Akteswet geregistreer of, alternatiewelik, word daar vir die afstanddoening in die verbandakte voorsiening gemaak.

⁹ Voet 7 4 1; sien a 5(3) van die Boedelbelastingwet 45 van 1955 (hierna die "Boedelbelastingwet") vir belastingdoeleindes is dit 50 jaar.

¹⁰ A 66 Akteswet.

¹¹ West *The Practitioner's Guide to Conveyancing and Notarial Practice* (2005) par 11 5.

¹² *Ibid.*

¹³ *Ibid.*

¹⁴ Sien Badenhorst *et al The Law of Property* (2006) 339 vir 'n bespreking van die eienskappe van 'n vruggebruik.

¹⁵ 40 van 1949 (hierna die "Hereregte wet").

ook voorsiening gemaak vir die betaling van hereregte op die waarde waarmee enige eiendom verhoog word as gevolg van die kansellering of afstanddoening van enige reg tot eiendom.¹⁷ Die definisie van “eiendom” sluit die meeste beperkte saaklike regte op grond in, soos byvoorbeeld vruggebruik en blote eiendom. Hereregte is deur die verkryger betaalbaar.¹⁸ Indien ’n vruggebruik deur die vruggebruiker gekanselleer word, sal die blote eienaar dus aanspreeklik wees vir hereregte op die waarde van die voordeel wat hom toeval. Dit is belangrik om daarop te let dat die Hereregtewet nie voorsiening maak vir die outomatiese verval van ’n vruggebruik nie. Daar is derhalwe geen hereregte by die afloop van die termyn of dood van die vruggebruiker betaalbaar nie. Alhoewel artikel 2 spesifiek na afstanddoening verwys, word daar geen melding gemaak van verval of beëindiging nie. Afstanddoening vereis een of ander positiewe handeling en wilsbesluit van die vruggebruiker, waarteenoor blote verval outomaties sonder enige medewerking geskied.¹⁹ Gedurende 2004 is daar verwarring in die aktespraktyk geskep deur die uitreiking van Hoofregistrateurs-omsendbrief 19/2004, wat bepaal het dat daar by alle aansoeke vir die kansellering van saaklike regte ingevolge artikel 68(1), 68(2) en 75(3) van die Akteswet, ’n hereregtewitansie ingedien moet word. Hierdie onsekerheid is later deur die Registrateur van Aktes opgeklaar deur te bevestig dat die riglyn slegs vir kansellasies en afstanddoenings geld, en nie ook op verval weens dood of tydsverloop van toepassing is nie.²⁰

Die waarde van die eiendom waarop hereregte bereken word, is die vergoeding betaalbaar, of indien geen vergoeding of ontoereikende vergoeding betaal is, die “verklaarde waarde” van die eiendom.²¹ Artikel 5(7) bepaal dat, vir doeleindes van die berekening van die billike waarde van beperkte regte, daar rekening gehou moet word met die tydperk waarvoor die beperkte reg benut gaan word, of indien dit oor die natuurlike lewensduur van ’n persoon strek, die tydperk waarvoor dit waarskynlik geniet sal word. Die billike waarde word vasgestel deur die jaarlikse waarde (gekaptaliseer teen 12 %, of ander billike koers vasgestel deur die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID), op die markwaarde van die eiendom) te vermenigvuldig met die faktor wat aangedui word in die lewensverwagtingstabel (Tabel A) of annuïteitstabel (Tabel B), wat ingevolge goewermentskennisgewing tot die Boedelbelastingwet²² gevoeg is. In die geval van ’n lewenslange vruggebruik, is Tabel A van toepassing en word die faktor gevind vir die huidige R1 waarde per jaar vir die verwagte lewensduur

16 Sien a 1 Hereregtewet vir woordomskrivings.

17 A 2(1) Hereregtewet.

18 A 3 Hereregtewet.

19 SAID *Handbook on Transfer Duty* par 3 5 (verkrygbaar by www.sars.gov.za), beklemtoon die onderskeid met verwysing na Meyerowitz en Jacobson *Handbook on Transfer Duty* (1950); Sien ook *De Kock v CIR* 1954 3 SA 631 (C) 634E-G; Van der Berg en Ferreira 2002 *De Jure* 18 maak nie ’n onderskeid tussen die verval en afstanddoening nie.

20 West “Cancellation of personal and praedial servitudes and the transfer duty implications attached thereto” 2005 *SA Deeds J* 12.

21 Hereregtewet a 5(1)(a) en (b) saamgelees met a 5(6).

22 Boedelbelastingwet.

van die vruggebruiker.²³ Die ouderdom van die persoon, op wie die vruggebruik oorgaan, moet vasgestel word soos wat dit met sy of haar volgende verjaarsdag sal wees. Teenoor hierdie ouderdom sal die aangewese faktor gevind word. Indien die vruggebruik vir 'n spesifieke termyn vasgestel is, sal Tabel B toepassing vind. Die jaarlikse waarde van die vruggebruik moet dan vermenigvuldig word met die faktor aangedui in Tabel B teenoor die termyn van die vruggebruik.²⁴ Hierdie tabel vertoon bloot 'n faktor vir 1–100 jaar. Die blote eiendom word waardeer deur die waarde van die vruggebruik van die markwaarde van die eiendom af te trek.

Die huidige koerse waarteen hereregte gehef word sien soos volg daarna uit: Persone anders as natuurlike persone betaal hereregte teen 8% (geen vrystelling).²⁵ Natuurlike persone: R0 – R500 000: 0%; R500 001 – R1 000 000: 5%; R1 000 001 en meer: 8%.²⁶

Indien hierdie vruggebruik-tegniek gebruik word, behoort daar ag geslaan te word op die bepalings van artikel 20B van die Hereregtewet, wat voorsiening maak vir 'n teenvermydingsmaatreël. In die geval van 'n transaksie, handeling, skema of verstandhouding²⁷ wat die uitwerking het dat 'n belastingvoordeel²⁸ verkry word, die skema nie vir *bona-fide* sake-doeleindes anders as die verkryging van 'n belastingvoordeel aangegaan is nie of indien daar abnormale regte verkry word en die transaksie hoofsaaklik aangegaan is vir die verkryging van 'n belastingvoordeel, kan die kommissaris die bepalings van die Hereregtewet toepas soos gepas in die omstandighede, ten einde die verkryging van die belastingvoordeel te voorkom. Indien daar nie bewys kan word dat die hoofogmerk die verkryging van 'n belastingvoordeel is nie, sal die kommissaris nie slaag nie.

Die hereregte-implikasies van die vruggebruik-tegniek kan geïllustreer word by wyse van die volgende voorbeelde:

Voorbeeld 1: Skepping by wyse van voorbehoud in terme van artikel 67 Akteswet

(a) Lewenslange vruggebruik

Jan Botha (50), eienaar van Erf 6 Waterkloof (markwaarde R1 000 000), verkoop die blote eiendom aan die “Jan Botha Familietrust” onderhewig aan 'n *lebenslange vruggebruik* ten gunste van Jan Botha.

Waarde vruggebruik: $7,53713 \times 12\% \times R1\ 000\ 000$	R904 455,60
Waarde blote eiendom: R1 000 000 – R904 455,60	R95 544,40
Hereregte betaalbaar deur Jan Botha Trust (8%)	R7 643,55

Indien volle eiendomsreg oorgedra is aan die trust, sou hereregte in die bedrag van R80 000 betaalbaar wees. Die besparing beloop R72 356,45.

23 Daar is verskillende tabelle vir mans en vrouens, aangesien die lewensverwagting vir die geslagte verskil.

24 Tabel B maak nie voorsiening vir lewensverwagting nie en onderskei derhalwe nie tussen die geslagte nie.

25 A 2(1)(a) Hereregtewet.

26 A 2(1)(b) Hereregtewet.

27 Hierna verwys as “skema”.

28 Ten opsigte van enige belasting gehef deur die kommissaris van SAID.

(b) Vruggebruik vir spesifieke termyn

Dieselfde feite as in (a), behalwe dat die vruggebruik voorbehou word vir 'n termyn van tien jaar.

Waarde vruggebruik: $5,6502 \times 12\% \times R1\ 000\ 000$	R678 024,00
Waarde blote eiendom: $R1\ 000\ 000 - R678\ 024$	R321 976,00
Hereregte betaalbaar deur Jan Botha Trust (8%)	R25 758,08

Indien volle eiendomsreg oorgedra is aan die trust, sou hereregte in die bedrag van R80 000 betaalbaar wees. Die besparing beloop R54 241,92.

Voorbeeld 2: Skepping by wyse van aparte aankoop in terme van artikel 65(1) Akteswet**(a) Lewenslange vruggebruik**

Chris du Plessis, eienaar van Erf 6 Waterkloof (markwaarde R1 000 000), verkoop die eiendom soos volg:

- (i) Blote eiendom verkoop aan die Jan Botha Familietrust onderhewig aan 'n lewenslange vruggebruik ten gunste van Jan Botha (50):

Waarde vruggebruik: $7,53713 \times 12\% \times R1\ 000\ 000$	R904 455,60
Waarde blote eiendom: $R1\ 000\ 000 - R904\ 455,60$	R95 544,40
Hereregte betaalbaar deur Jan Botha Trust	R7 643,55
Hereregte betaalbaar deur Jan Botha	R20 222,78
Totale hereregte betaalbaar	R27 866,33

Indien volle eiendomsreg oorgedra is aan die trust, sou hereregte in die bedrag van R80 000 betaalbaar wees. Die besparing beloop R52 133,67.

- (ii) Blote eiendom verkoop aan Jannie Botha (25), onderhewig aan 'n lewenslange vruggebruik ten gunste van sy pa, Jan Botha (50):

Waarde vruggebruik: $53713 \times 12\% \times R1\ 000\ 000$	R904 455,60
Waarde blote eiendom: $R1\ 000\ 000 - R904\ 455,60$	R95 544,40
Hereregte: Jannie Botha op blote eiendom	Rnul
Hereregte: Jan Botha op vruggebruik (glyskale)	R20 222,78
Totale hereregte betaalbaar	R20 222,78

Aangesien die hereregte-rrystelling vir natuurlike persone vir beide Jan Botha en Jannie Botha geëis word, is die totale bedrag hereregte betaalbaar minder as wat betaalbaar sou wees indien die volle eiendom aan Jannie Botha oorgedra sou word, welke oordrag se aanspreeklikheid vir hereregte R25 000 sou beloop het, wat 'n besparing van R4 777,22 tot gevolg het.

(b) Vruggebruik vir spesifieke termyn

Dieselfde feite as in 2(a), behalwe dat die vruggebruik geskep word vir 'n termyn van tien jaar.

- (i) Blote eiendom verkoop aan die Jan Botha Familietrust onderhewig aan 'n tien jaar vruggebruik ten gunste van Jan Botha (50):

Waarde vruggebruik: $5,6502 \times 12\% \times R1\ 000\ 000$	R678 024,00
Waarde blote eiendom: $R1\ 000\ 000 - R678\ 024$	R321 976,00
Hereregte betaalbaar deur Jan Botha Trust (8%)	R25 758,08
Hereregte betaalbaar deur Jan Botha (glyskale)	R8 901,20
Totale hereregte betaalbaar:	R34 659,28

Indien volle eiendomsreg oorgedra is aan die trust, sou hereregte in die bedrag van R80 000 betaalbaar wees. Die besparing beloop R 45 340,72.

(ii) Blote eiendom verkoop aan Jannie Botha (25) onderhewig aan 'n tien jaar vruggebruik ten gunste van Jan Botha (50):

Waarde vruggebruik: $5,6502 \times 12\% \times R1\ 000\ 000$	R678 024,00
Waarde blote eiendom: R1 000 000 – R678 024	R321 976,00
Hereregte: Jannie Botha op blote eiendom	Rnul
Hereregte betaalbaar deur Jan Botha (glyskale)	R8 901,20
Totale hereregte betaalbaar	R8 901,2

Indien volle eiendomsreg oorgedra is aan Jannie Botha, sou hereregte in die bedrag van R25 000,00 betaalbaar wees.

Vir al die gevalle hierbo uiteengesit, sal die verval van die vruggebruik by dood of afsterwe van die vruggebruiker geen hereregte-aanspreeklikheid vir die blote eienaar veroorsaak nie. Indien die vruggebruiker egter voor die verval daarvan van enige van sy of haar regte sou afstand doen, sou daar hereregte betaalbaar wees deur die blote eienaar ten opsigte van die waarde waarmee sy of haar belang in die grond verhoog is as gevolg van die afstanddoening. Vir hierdie berekening sal die waarde van die eiendom, met inagneming van die verswaring van die vruggebruik, met die waarde van die eiendom sonder sodanige verswaring vergelyk word.²⁹ Die vruggebruiker se lewensverwagting of die oorblywende termyn sal derhalwe relevant wees vir doeleindes van die berekening. Die afstanddoening van die vruggebruiker se voorkeurreg ten gunste van die verbandhouer, sal nie as 'n "afstanddoening" kwalifiseer nie. Hierdie afstanddoening is tydelik. By kansellasie van die verband tree die vruggebruik weer outomaties in werking.³⁰

3 2 Boedelbelasting

Boedelbelasting word gehef op die "eiendom"³¹ van 'n persoon op datum van sy of haar afsterwe. Artikel 3(2)(a) van die Boedelbelastingwet sluit beperkte regte (soos byvoorbeeld 'n vruggebruik) waaroor 'n oorledene beskik het, direk voor sy of haar dood, spesifiek by die begrip "eiendom" in. Die boedel van so 'n oorledene (verteenwoordig deur die eksekuteur) sal primêr vir betaling van die boedelbelasting, aanspreeklik wees, maar artikel 11 bepaal dat die eksekuteur die persoon op wie die voordeel oorgaan, met ander woorde die blote eienaar, aanspreeklik kan hou vir die boedelbelasting toeskryfbaar aan die betrokke beperkte reg.

'n Vruggebruik word vir doeleindes van boedelbelasting kragtens artikel 5(1)(b) as algemene reël waardeur deur die jaarlikse waarde van die vruggebruik te kapitaliseer teen 12%, of sodanige billike opbrengs as wat die Kommissaris van die SAID vasstel,³² oor die lewensverwagting van die persoon op wie die vruggebruik oorgaan. Indien die vruggebruik terugval

29 SAID *Handbook on Transfer Duty* par 3 5.

30 Van der Berg en Ferreira 2002 *De Jure* 22.

31 Wat insluit eiendom en geagte eiendom (Boedelbelastingwet a 3(2) en a 3(3)).

32 Boedelbelastingwet a 5(2) se eerste voorbehoudsbepaling.

na die blote eienaar, word die lewensverwagting van die blote eienaar gebruik. Indien die blote eienaar nog jonk is, sal die waarde van die vruggebruik substansieel wees en dit kan 'n aansienlike boedelbelasting-implikasie hê. Indien die blote eienaar nie 'n natuurlike persoon is nie, sal die jaarlikse waarde oor 'n termyn van 50 jaar gekapitaliseer word. Daar is twee voorbehoudsbepalings van toepassing by die waardering van 'n vruggebruik wat terugval na die blote eienaar. Eerstens: Die blote eienaar sal toegelaat word om die bedrag wat destyds met die aankoop van die blote eiendom betaal is plus rente teen 6% per jaar van die waarde van die vruggebruik af te trek. Tweedens: Die waarde van die vruggebruik mag nie die volgende te bowe gaan nie: Die markwaarde van die eiendom ten tye van die dood van die oorledene minus die waarde van die blote eiendom bereken op die dag waarop die blote eiendom aanvanklik aangekoop is.

'n Lewenslange vruggebruik verval by die dood van die vruggebruiker. Indien die vruggebruik egter vir 'n bepaalde termyn duur, verval die vruggebruik na afloop van die termyn. Indien die vruggebruiker in so 'n geval na afloop van die termyn te sterwe kom, het die vruggebruik reeds verval en kan die vruggebruik nie in ag geneem word vir doeleindes van boedelbelasting nie, selfs al het die vruggebruiker een dag na die verval van die vruggebruik te sterwe gekom.

Ten einde die boedelbelasting-implikasies van die vruggebruik-tegniek te illustreer, word die volgende voorbeelde (**voorbeeld 3**) voorgehou:

(a) Lewenslange vruggebruik

Jan Botha, wat 'n lewenslange vruggebruik 11 jaar gelede oor Erf 6 Waterkloof (destydse markwaarde R1 000 000, huidige markwaarde R1 500 000), voorbehou het (sien voorbeeld 1(a) hierbo), kom te sterwe. Die vruggebruik val met sy dood terug na die blote eienaar, die Jan Botha Familietrust. Die Jan Botha Familietrust het die blote eiendom destyds vir 'n bedrag van R95 544,40 (sien voorbeeld 1(a)) aangekoop.

Waarde van vruggebruik:

$8,3045 \times 12\% \times R1\ 500\ 000$	R1 494 810,00
Minus eerste voorbehoudsbepaling ($95\ 544,40 \times 6\% \times 11$ jaar):	<u>R63 059,30</u>
	<u>R1 431 750,70</u>

Waarde van vruggebruik mag nie te bowe gaan nie:

$R1\ 500\ 000 - R95\ 544,40 = R1\ 404\ 455,60$

Dus: Waarde van vruggebruik vir boedelbelasting R1 404 455,60

Gestel belasbare boedel is groter as huidige belastingvrye kerf van R3 500 000.³³ Die potensiële aanspreeklikheid beloop (20% \times R1 404 455,60) R280 891,12.

³³ Die Boedelbelastingwet a 4A korting is verhoog na R3 500 000 met ingang 2007-03-01.

(b) Vruggebruik vir spesifieke termyn, afsterwe na verval

Dieselfde feite as in 3(a) hierbo, maar die vruggebruik is voorbehou vir 'n termyn van tien jaar (sien voorbeeld 1(b)). Die vruggebruik het reeds verval en sal dus nie vir boedelbelastingdoeleindes by Jan Botha se afsterwe in ag geneem word nie.

Vanuit 'n boedelbelasting-perspektief is dit dus meer voordelig om die vruggebruik vir 'n bepaalde termyn voor te behou. Indien die vruggebruiker die termyn oorleef, is die vruggebruik-tegniek effektief vir doeleindes van boedelbelasting. Die eiendom is oorgedra teen betaling van 'n minimale bedrag hereregte en geen boedelbelasting is betaalbaar nie. Sou die vruggebruiker voor afloop van die termyn te sterwe kom, sal die vruggebruik wel ingereken en waardeer word soos uiteengesit in voorbeeld 3(a) hierbo. Die volgende dien as voorbeeld:

(c) Vaste termyn, afsterwe voor verval

Dieselfde feite as in 3(b) hierbo (vaste tien jaar termyn), behalwe dat Jan Botha te sterwe kom 'n dag na registrasie van die transaksie in die aktekantoor (markwaarde steeds R1 000 000). Die vruggebruik se termyn het nog nie uitgeloop nie. Die vruggebruik val terug na die blote eienaar, naamlik die Jan Botha Familietrust.

Waarde van vruggebruik:

$8,3045 \times 12\% \times R1\ 000\ 000$	R996 540,00
Minus eerste voorbehoudsbepaling ($95\ 544,40 \times 6\% \times 0\ jr$)	Rnul
	R996 540,00

Waarde van vruggebruik mag nie te bowe gaan nie:

$$R1\ 000\ 000 - R95\ 544,40 = R904\ 455,60$$

Dus: Waarde van vruggebruik vir boedelbelasting R 904 455,60.

Gestel die belasbare boedel is groter as die huidige belastingvrye kerf van R3 500 000.³⁴ Die potensiële aanspreeklikheid beloop ($20\% \times R904\ 455,60$) R180 891,12.

Indien die voorbeelde hierbo tesame met die hereregte-voorbeelde bestudeer word, is dit duidelik dat die vruggebruik-tegniek effektief is in die besparing van hereregte³⁵ en voorts dat, hoe langer die termyn van die vruggebruik, hoe groter die besparing in hereregte. Aan die ander kant, indien die vruggebruiker sterf voor afloop van die vruggebruik (voorbeeld 3(c), of in die geval van 'n lewenslange vruggebruik (voorbeeld 3(a)), val die vruggebruik wel in die boedel van die vruggebruiker vir doeleindes van boedelbelasting. In die geval van voorbeeld 3(b), waar die vruggebruiker die termyn van die vruggebruik oorleef het, is daar geen boedelbelastingaanspreeklikheid by die afsterwe van die *ex*-vruggebruiker nie.

³⁴ *Ibid.*

³⁵ Veronderstel dat die transaksie nie as 'n skema kragtens a 20B van die Hereregte-wet aangeval word nie.

Die verdere voordeel is dat daar geen addisionele hereregte betaalbaar is by die verval van die vruggebruik nie.

Met terugverwysing na die hereregte-voorbeelde 2(b)(i) en (ii), waar die vruggebruik vir 'n bepaalde termyn geskep is, blyk dit dat die bedrag hereregte betaalbaar heelwat minder is indien die blote eiendom aan 'n natuurlike persoon oorgedra is (voorbeeld 2(b)(ii)), as in die geval waar die blote eiendom aan 'n nie-natuurlike persoon oorgedra is (voorbeeld 2(b)(i)). Dit moet egter in gedagte gehou word dat die kapitaalgroei van die bate in voorbeeld 2(b)(ii) nie vasgepen is nie, en dat die volle eiendomsreg in ag geneem sal word by die afsterwe van die blote eienaar (Jannie Botha in die voorbeeld). Indien die blote eiendom aan 'n natuurlike persoon oorgedra word, onderhewig aan die lewenslange vruggebruik ten gunste van 'n ander natuurlike persoon (soos in voorbeeld 2(a)(ii)), sal die vruggebruik by die dood van die vruggebruiker vir boedelbelasting-doeleindes in die boedel van die vruggebruiker waardeer word. Indien die blote eienaar nog jonk is (Jannie Botha is 25 in die voorbeeld) kan die waarde van die vruggebruik relatief hoog wees. Gestel voorts dat die blote eienaar kort na die vruggebruiker te sterwe kom, dan sal die volle waarde van die eiendom weer aan boedelbelasting onderhewig wees.

Dit blyk dat, indien die blote eiendom aan 'n nie-natuurlike persoon oorgedra word, onderhewig aan 'n vruggebruik vir 'n spesifieke termyn (soos in voorbeeld 2(b)(i)) en die vruggebruiker oorleef die termyn, dit die mees effektiewe belastingbesparing ten opsigte van hereregte en boedelbelasting sal inhou. Die blote eiendom se koopprys kan voorts op leningsrekening aan die blote eienaar verkoop word, welke lening jaarliks teen R100 000,00 (tans) skenkingsbelastingvry ten gunste van die blote eienaar verminder kan word.³⁶ Die vermindering van die lening sal wel 'n kapitaalwinsaanspreeklikheid inhou,³⁷ maar hierdie koste is minimaal in die lig van die ander besparings.

Die uiteindelijke boedelbelasting-implikasies sal egter nie met sekerheid vasgestel kan word wanneer 'n transaksie uitgevoer word nie, aangesien die datum van die vruggebruiker se afsterwe onseker is. Die effektiwiteit van die tegniek hang dus van die noodlot af. Indien die vruggebruik-tegniek gebruik word, sal die gesondheid en ouderdom van die vruggebruiker in ag geneem moet word. Die bykomende kopseer van kapitaalwinsbelasting,³⁸ wat ongelukkig die prentjie kan vertroebel, word hieronder bespreek.

3 3 Belasting op Geskenke

Indien 'n persoon by die voorbehoud of skep van 'n vruggebruik 'n beperkte reg (vruggebruik of blote eiendomsreg) aan 'n ander persoon sonder vergoeding vervreem, sal daar in beginsel skenkingsbelasting

36 A 56(2) van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962. Die limiet is op 2006-03-01 verhoog vanaf R30 000 na R50 000 en op 2007-03-01 verder verhoog na R100 000 per jaar.

37 Par 12(5) van die Agtste Bylae tot die Inkomstebelastingwet.

38 Par 3 4.

betalbaar wees deur die skenker in terme van artikel 54 van die Inkomstebelastingwet.

Die argument is al geopper dat die terugval van die volle eiendomsreg na die blote eienaar met die verval van die vruggebruik moontlik as 'n skenking beskou kan word. Hierdie benadering is verkeerd, aangesien 'n skenking 'n kontrak is wat slegs met wilsooreenstemming tot stand kan kom.

Indien die vruggebruik nie bloot verval nie, maar die vruggebruiker doen afstand van sy vruggebruik ten gunste van die blote eienaar,³⁹ sal die afstanddoening wel 'n skenking wees. Soos hierbo na verwys⁴⁰ sal so 'n afstanddoening boonop hereregte-implikasies hê.

3 4 Kapitaalwinsbelasting

Kapitaalwinsbelasting is ingestel met effek vanaf 2001-10-01 en die bepaling is in die Agtste Bylae tot die Inkomstebelastingwet vervat.⁴¹ Daar bestaan 'n horde vrae rondom die implementering van die beginsels van toepassing by die waardering van beperkte regte, soos byvoorbeeld 'n vruggebruik.⁴²

Kapitaalwinsbelasting word in die algemeen gehef op die beskikking van 'n bate deur 'n belastingpligtige. "Bate" sluit in "eiendom van welke aard ook al, hetsy roerend of onroerend, liggaamlik of onliggaamlik . . . asook 'n reg of belang van welke aard ook al tot of in sodanige eiendom". Dit is duidelik dat hierdie omskrywing ook beperkte saaklike regte soos 'n vruggebruik insluit.⁴³

"Beskikking" word gedefinieer as "enige gebeurtenis, daad of toegeeflikheid of werking van die reg beoog in paragraaf 11, of gebeurtenis, daad of toegeeflikheid of werking van die reg wat in hierdie bylae geag word 'n beskikking te wees". Dit sluit in die verkoping, skenking, sessie, verbeuring, beëindiging, afstanddoening en verstryking van 'n bate. Die definisie dek dus die verkoping, skenking, verval asook die kansellering van 'n vruggebruik.⁴⁴

Paragraaf 40 bepaal voorts dat 'n oorledene geag word om oor al sy of haar bates teen markwaarde aan die bestorwe boedel te beskik het op datum van afsterwe. Die bestorwe boedel word geag om die bates teen markwaarde te verkry het (soos op datum van dood). Indien 'n bate deur die bestorwe boedel aan 'n erfgenaam of legataris uitgekeer word, word

39 Daar moet in gedagte gehou word dat die vruggebruiker, in die geval van 'n natuurlike persoon, nie die vruggebruik aan 'n ander persoon kan vervreem nie, weens die nie-oordraagbaarheid daarvan.

40 Par 3 1.

41 Hierna "Agtste Bylae".

42 Sien Jooste en Roeleveld "The capital gains tax implications of the disposal of limited interests in property" 2002 *Acta Juridica* 86; Ger en Hartzenberg "Bare dominium heirs may also inherit tax problems" Nov 2005 *De Rebus* 42; Kolitz "Bequest of a primary residence" 2004 *Tax Planning* 45.

43 Jooste en Roeleveld *Acta Juridica* 86.

44 Ernst and Young *Practical Guide to Capital Gains Tax* (2006) par 3 2 4; Anders as by hereregte, waar die blote verval nie deur die Hereregte wet gedek word nie.

die boedel hanteer asof dit oor die bate teen sy basiskoste, naamlik die markwaarde op datum van dood, beskik het. Die implikasie van hierdie paragraaf is dat daar by die vruggebruiker se afsterwe 'n geagte beskikking van die vruggebruik aan die boedel sal wees.

Aangesien 'n vruggebruik die onderwerp van 'n beskikking kan wees, is dit nodig om te bepaal hoe so 'n vruggebruik vir doeleindes van kapitaalwinstbelasting waardeer sal word. 'n Kapitaalwinst of -verlies word vasgestel deur die basiskoste van 'n bate van die opbrengs daarvan af te trek wanneer daar oor die bate beskik word. Basiskoste word vasgestel in-gevolge paragraaf 20 tot 34 van die Agtste Bylae (deel V). Paragraaf 31(1)(d) bepaal, onder andere, dat die markwaarde van 'n beperkte reg, soos 'n vruggebruik, vasgestel word as die bedrag van die jaarlikse waarde van die reg gekapitaliseer teen 12%⁴⁵ oor die verwagte lewensduur van die persoon ten gunste van wie die belang verleen is, of indien vir 'n korter tydperk, daardie tydperk. In die geval van 'n regs persoon of nie-natuurlike persoon, soos 'n trust, word die jaarlikse waarde gekapitaliseer oor 'n tydperk van 50 jaar. Die boedelbelastingtabelle word gebruik.⁴⁶

3 4 1 *Implikasies by die Skep van die Vruggebruik*

Die eienaar van die bate beskik oor die vruggebruik en blote eiendomsreg of, in die geval waar die vruggebruik voorbehou word ten gunste van die eienaar in terme van artikel 67 Akteswet, slegs oor die blote eiendomsreg. Die opbrengs sal die verkoopprijs betaalbaar vir die beperkte eiendomsreg, of indien dit geskenk is, die nul wees. Indien die partye egter verbonde persone tot mekaar is, sal die opbrengs geag word die markwaarde van die bate te wees.⁴⁷ Die markwaarde van blote eiendomsreg is die volle waarde van die eiendom minus die waarde van die vruggebruik. Hoe moet 'n vruggebruik waardeer word? 'n Probleem bestaan deurdat paragraaf 31(1)(d) vervat is in deel V wat toepassing vind by die vasstelling van basiskoste. Dit is onseker of genoemde bepaling dus in die konteks van die bepaling van die opbrengs van 'n beperkte reg gebruik kan word.⁴⁸ Indien die paragraaf wel aanwending vind, sal die vruggebruik waardeer word met verwysing na die lewensverwagting van die persoon ten gunste van wie die vruggebruik geskep word. Die paragraaf verwys na die "verlening" van 'n vruggebruik. Die vraag ontstaan of die eienaar met die voorbehoud van die vruggebruik in terme van artikel 67 Akteswet wel dit aan homself "verleen" het? Indien dit so geïnterpreteer kan word en indien die paragraaf aanwending vind, sal so 'n vruggebruik waarskynlik bereken word oor die lewensverwagting van die eienaar by die voorbehoud van daardie vruggebruik.

Die vasstelling van die basiskoste van 'n beperkte reg, in die geval waar die eienaar die totale bate destyds verkry het, is problematies. Daar is nie

45 Die kommissaris kan 'n laer persentasie aanwend, indien 'n opbrengs van 12% onwaarskynlik is, par 31(2) agtste bylae.

46 Par 31(2) agtste bylae.

47 Par 38 Agtste Bylae.

48 Jooste en Roeleveld 2002 *Acta Juridica* 87.

'n aparte verkrygingskoste vir die beperkte reg nie. Paragraaf 33 maak voorsiening vir gedeeltelike beskikkings. Dit bepaal dat die basiskoste toeskryfbaar aan die gedeelte waarvoor beskik word, die bedrag is wat in dieselfde verhouding tot die basiskoste van die totale bate staan as wat die markwaarde van die gedeelte waarvoor beskik word in verhouding staan tot die markwaarde van die totale bate onmiddellik voor daardie beskikking. Die paragraaf is ontwerp om voorsiening te maak vir die beskikking van 'n gedeelte van 'n bate, byvoorbeeld 'n 50% belang in die bate. 'n Logiese voorstel sou wees om die basiskoste van 'n nuutgeskape vruggebruik te bereken op die datum van verkryging van die bate asof daar op daardie datum 'n vruggebruik oor die bate deur die eienaar verkry is. Die destydse markwaarde sal gebruik word asook die lewensverwagting van die eienaar op datum van verkryging. Die verskil tussen die destydse markwaarde en die destydse vruggebruikswaarde sal die basiskoste van die destydse blote eiendom voorstel. Dit is nietemin onseker of hierdie gekunstelde konstruksie in lyn met die bepalings van die wet is. Daar is immers nooit 'n vruggebruik aan die eienaar "verleen" op datum van verkryging van die totale bate nie. Indien paragraaf 33 nie aanwending vind nie, sal die basiskoste 'n nul-waarde hê. Daar kan geargumenteer word dat dit nooit die bedoeling van die wetgewer kon wees nie. So 'n uitleg sal ook uiters onbillik teenoor die belastingpligtige funksioneer. Daar word voorgestel dat die gekunstelde konstruksie gebruik behoort te word.⁴⁹ Indien die blote eiendom geskenk is, moet dit in gedagte gehou word dat die skenkingsbelasting betaalbaar by die basiskoste getel kan word vir die berekening van 'n kapitale wins of verlies.⁵⁰

'n Verdere onsekerheid is of die primêre woning vrystelling van toepassing kan wees, sou die eienaar 'n beperkte reg ten opsigte van sy primêre woning vervreem. Paragraaf 45 verwys na die beskikking van die "primêre woning" en maak nie voorsiening vir die gedeeltelike beskikking van 'n belang in die primêre woning nie. Alhoewel die definisie van primêre woning ook 'n belang in sodanige woning insluit, blyk dit uit 'n letterlike toepassing van paragraaf 45 dat die vrystelling net geld wanneer daar oor die totale belang (wat dit ook al is) in die primêre woning beskik word.⁵¹

3 4 2 Kansellering of Verval van die Vruggebruik

Die definisie van beskikking is wyd genoeg om die verval, afstanddoening en kansellering van 'n vruggebruik in te sluit. 'n Vruggebruik verval na afloop van die termyn of by die dood van die vruggebruiker.

In die geval van verval na verloop van tyd sal die opbrengs nul wees, tensy die partye verbonde persone is, in welke geval die opbrengs geag word die markwaarde van die bate te wees.⁵² Die onsekerheid rondom die toepassing van paragraaf 31(1)(d) ten opsigte van die bepaling van die

49 SAID *Comprehensive Guide to Capital Gains Tax* (draft) (2006-01-13) par 24 1.

50 Par 20(1)(c)vii saamgelees met par 22 Agtste Bylae.

51 Jooste en Roeleveld 2002 *Acta Juridica* 95.

52 Par 38 Agtste Bylae.

opbrengs van 'n beperkte reg is reeds hierbo bespreek. 'n Verdere komplikasie is watter lewensverwagting gebruik behoort te word. Die paragraaf verwys na die lewensverwagting van die persoon aan wie die beperkte reg verleen is, natuurlik met verwysing na die bepaling van die basiskoste daarvan by die skepping van 'n beperkte reg. Die vraag ontstaan nou welke lewensverwagting by die verval, afstanddoening of kansellering van die vruggebruik gebruik moet word? Dit sal absurd wees om dieselfde lewensverwagting te gebruik vir beide die berekening van die basiskoste en die opbrengs. Indien die waarderingmetode van die Boedelbelastingwet parallel toegepas word, behoort die lewensverwagting van die persoon op wie die vruggebruik by die verval, afstanddoening of kansellering oorgaan, met ander woorde die blote eienaar, gebruik te word. Alhoewel dit 'n logiese benadering is, word daar nie in die Agtste Bylae daarvoor voorsiening gemaak nie. In die geval van afstanddoening of kansellering behoort die lewensverwagting van die vruggebruiker met afstanddoening of kansellering gebruik te word, as synde die persoon aan wie die reg aanvanklik verleen is. 'n Interpretasieprobleem bestaan in die geval van beëindiging van die vruggebruik weens verval. Die mening word gehuldig dat die opbrengs in so 'n geval nul is, aangesien die termyn uitloop het of, in die geval van afsterwe, die vruggebruiker geen lewensverwagting het nie.⁵³

Die waardering van die basiskoste van 'n vruggebruik is hierbo bespreek.⁵⁴ In die geval waar die vruggebruik ontstaan het deur die voorbehoud van vruggebruik deur die eienaar in terme van artikel 67 Akteswet, sal die gekunstelde implementering van paragraaf 31(1)(d) tesame met paragraaf 33 (gedeeltelike beskikkings) waarskynlik gebruik kan word om die basiskoste vas te stel by die destydse verkryging van die totale bate deur die eienaar. Indien die vruggebruik geskep is ten gunste van 'n ander persoon, sal die basiskoste die verkrygingskoste wees.

Die implikasie is dat die *ex*-vruggebruiker of die bestorwe boedel van die vruggebruiker waarskynlik 'n kapitale verlies vir die verval van 'n vruggebruik ly. Paragraaf 15(c) maak egter daarvoor voorsiening dat 'n kapitale verlies verontagsaam sal word in die geval van enige fidusiêre reg, vruggebruik of ander soortgelyke belang, waarvan die waarde met die verloop van tyd afneem, tensy die eiendom vir besigheidsdoeleindes aangewend is.

Vir die blote eienaar, ten gunste van wie die vruggebruik weer terugval, ontstaan 'n kapitaalwinstbelasting-nagmerrie. Alhoewel die vruggebruiker oor die vruggebruik by die verval daarvan "beskik", bestaan daar nie 'n ooreenstemmende "verkryging" vir die blote eienaar nie.⁵⁵ Die terugval van die vruggebruik na die blote eienaar het geen koste-implikasie vir doeleindes van basiskoste-vasstelling nie. Indien die blote eienaar oor die

53 Jooste en Roeleveld 2002 *Acta Juridica* 94; Stein *Capital Gains Tax* (2006) par 7 16; SAID *Comprehensive Guide to Capital Gains Tax (draft)* (13 Jan 2006) par 24.1; Ernst and Young *Practical Guide to Capital Gains Tax* (2006) par 3 2 4.

54 Par 3 4 1.

55 Sien Ger en Hartszenberg Nov 2005 *De Rebus* 42; Jooste en Roeleveld 2002 *Acta Juridica* 90-91.

totale bate beskik, sal die basiskoste vasgestel word met verwysing na die verkryging van slegs die blote eiendom en sal die tussentydse terugval van die vruggebruik irrelevant wees.⁵⁶ Hierdie toedrag van sake blyk uiters benadelend te wees teenoor die blote eienaar en die huidige situasie is onaanvaarbaar.⁵⁷

Aangesien die aanspreeklikheid vir kapitaalwinstbelasting nie transaksiegebaseerd is nie, maar deel vorm van die belastingpligtige se inkomstebelastingaanslag, is dit moeilik om die presiese aanspreeklikheid te voorspel. In die voorbeeld (**voorbeeld 4**) hieronder, word aangeneem dat die persoon teen maksimumkoerse belas word⁵⁸ en dat die maksimum potensiele aanspreeklikheid ten opsigte van die transaksie uiteengesit word sonder die inagneming van enige ander kapitale winste of verliese.

(a) Vruggebruik voorbehou in terme van artikel 67 Akteswet

(Sien voorbeeld 1(b) vir feite)

Jan Botha (50), eienaar van Erf 6 Waterkloof (totale markwaarde R1 000 000), verkoop die blote eiendom aan die "Jan Botha Familietrust" onderhewig aan 'n *vruggebruik vir tien jaar* ten gunste van homself. Die verkoopprijs word bereken op R321 976,00 (sien voorbeeld 1(b), waar die berekening van die markwaarde van die blote eiendom vir hereregdoel-eindes gebruik word). Jan Botha het die eiendom vyf jaar gelede (ouderdom 45) verkry teen 'n basiskoste van R800 000.

- (i) Indien daar oor die totale eiendom ten gunste van die Jan Botha Familietrust beskik sou word (nie net die blote eiendom nie), sou die aanspreeklikheid wees:

Opbrengs	R1 000 000,00
Basiskoste	<u>R 800 000,00</u>
Kapitale wins	<u>R200 000,00</u>

Potensiele aanspreeklikheid teen $25\%^{59} \times 40\% = R 20 000,00$ (R0 in die geval van 'n primêre woning).⁶⁰

- (ii) Die effek by die voorbehoud van die vruggebruik:

Totale basiskoste	R800 000,00
Minus Basiskoste van vruggebruik vyf jaar gelede	
$7,81924 \times 12\% \times 800 000$	R750 647,04
Basiskoste van blote eiendomsreg vyf jaar gelede	R49 352,96
Huidige Opbrengs van blote eiendomsreg (verbonde persone, opbrengs = huidige markwaarde)	R321 976,00
Minus: Basiskoste van blote eiendomsreg	<u>R49 352,96</u>
Kapitale wins	<u>R272 623,04</u>

⁵⁶ SAID *Comprehensive Guide to Capital Gains Tax* (draft) (2006-01-13) par 24 1.

⁵⁷ Stein par 10 7.

⁵⁸ Huidiglik 40% vir natuurlike persone.

⁵⁹ Die insluitingskoers vir natuurlike persone is 25%.

⁶⁰ Par 45 Agtste Bylae.

Potensiële aanspreeklikheid teen $25\% \times 40\% = R27\,262,30$ by oordrag van blote eiendom (geen vrystelling vir primêre woning). Die kapitaalwinsbelasting kan dus selfs meer wees as vir die geval waar daar oor die totale bate beskik sou word.

(iii) By die verval van die vruggebruik na tien jaar of afsterwe van Jan Botha ('n KWB beskikking):

Opbrengs	nul
Basiskoste	R321 976,00
Kapitale verlies verontagsaam (15c).	

(iv) Indien die Jan Botha Familietrust oor die totale eiendom beskik vir R1 500 000

• **In die geval waar die totale bate aangekoop is deur die trust (geen vruggebruik):**

Opbrengs	R1 500 000,00
Basiskoste (veronderstel hereregte was R80 000)	<u>R1 080 000,00</u>
Kapitale wins	<u>R 420 000,00</u>

Potensiële aanspreeklikheid $50\%^{61} \times 40\% = R84\,000$.

• **Na die verval van 'n vruggebruik wat voorbehou is vir tien jaar:**

Opbrengs	R1 500 000,00
Basiskoste (geen verhoging by terugval)	<u>R321 976,00</u>
Kapitale wins	<u>R1 178 024,00</u>

Potensiële aanspreeklikheid $50\% \text{ (trust)} \times 40\% = R235\,604,80$.

4 Slot

Indien die vruggebruik-tegniek aangewend word deur veral 'n vruggebruik voor te behou of te skep vir 'n bepaalde termyn en die vruggebruiker oorleef die termyn, by welke gebeurtenis die vruggebruik vry van hereregte en boedelbelasting terugval na die blote eienaar, blyk dit dat die here-regte- en boedelbelasting-implikasies vir die vruggebruiker voordelig kan wees. Ten opsigte van kapitaalwinsbelasting bestaan daar vele onsekerhede rondom beperkte regte en veral die waardering daarvan. Indien die afleidings soos bespreek, korrek is, lyk dit egter of die verval van die vruggebruik nie veel negatiewe implikasies vir die vruggebruiker kan inhou nie, aangesien die opbrengs teen nul waardeer word. Die implementering van die tegniek sal, aan die ander kant, 'n groot kapitaalwinsbelastingnadeel vir die blote eienaar veroorsaak, veral wanneer die blote eienaar, na die terugval van die vruggebruik, oor die totale bate beskik. Die opskrif van Ger en Hartzenberg se artikel "Bare dominium heirs may also inherit tax problems"⁶² slaan die spyker op die kop. Die bepalings ten aansien van beperkte regte in die Agtste Bylae behoort verbeter te word ten einde die onsekerhede en benadeling uit die weg te ruim.

61 Die insluitingskoers vir persone anders as natuurlike persone en spesiale trusts is 50%.

62 Ger en Hartzenberg Nov 2005 *De Rebus* 42.

Aangesien markpryse, die moontlike afsterwe van die onderskeie partye en selfs die implementering van veral die kapitaalwinstbelastingbepalings in soveel onsekerheid en spekulاسie gehul is, sal dit onmoontlik wees om 'n akkurate voorspelling te maak. Daar bestaan ook die moontlikheid dat die kommissaris die tegniek as 'n skema ingevolge artikel 20B van die Hereregtewet kan aanval. Elke individuele geval sal nietemin afsonderlik oorweeg moet word.

Die bekende uitdrukking van die politikus Benjamin Francklin: "in this world nothing can be said to be certain, except death and taxes" moet met 'n knippie sout geneem word.